NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

PROGRAM VIR DIE WEEK
28 Maart 2021 - Palmsondag (Sesde Lydensweek)

Baie welkom by ons Erediens. Ons dienste word ook om 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.

Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees, behalwe wanneer InVia die diens lei.
https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09
Meeting ID: 838 0444 7977 Passcode: 691201

10:00 Dr Johan van den Heever
Teks: JESAJA 50:4-9
Tema: In tye van onsekerheid is stilte en die sakramente al wat ons nodig het.

Ons Doop vandag vir: Emma Roselle Ellis - Gebore: 26 Maart 2020

Liewe Gemeente

Ons betree die week die hoogtepunt in ons kerklike jaar. Vandag is dit Palmsondag, Jesus se intog in Jerusalem wat uitgeloop het op Sy kruisiging en opstanding (volgende naweek). Vir my persoonlik was die Lydenstyd 'n besondere tyd gewees. Covid-19 het gesorg dat ek en Ansie baie meer nougeset by ons geloofsdissiplines kon bly. Covid het my ook opnuut laat besef dat, soos Thomas Merton gesê het: "In tye van swaarkry het jy net stilte en die sakramente nodig." Ons gaan vanoggend die sakrament van die doop beleef. Wat 'n troos, juis nou, om steeds te kan sien hoe getrou God aan ons is en wat 'n vreugde om weer 'n baba in ons kerk te kan doop. Baie geluk aan Anandi en Ruan Ellis met die doop van hulle dogtertjie, Emma. Geluk ook aan die grootouers en familie.

Ek en Ansie gaan met verlof weg wees vanaf 1 April tot 2 Mei. Ds Pieter Oberholzer sal in dié tyd vir my instaan. Ds Jacob vd Merwe sal die Dinsdagoggenddiens by Huis Lückhoff lei. Dankie aan beide van hulle. Mag elkeen van julle 'n geseënde Paasfees beleef.
Groete
Johan van den Heever

Program vir die Week

Dinsdag:
10:00 NAGMAAL
Huis Lückhoff

Goeie Vrydag:
09:00 Diens Kerkgebou

Paasfees: Sondag
10:00 Paasdiens
Kerkgebou

Verjaardae vir die week

Gerke Faber	28 Maart
Ruan Ellis	02 April
Alissa Kriel	03 April

Baie geluk!

28 Maart Sesde Sondag in Lydenstyd *Palmsondag/* *Passiesondag*	**Mar 11:1-11 (Palm)**	Jesus gaan Jerusalem op 'n donkie binne
	Ps 118:1-2, 19-29	Die Here is God; Hy skenk ons die lewe. Wuif met takke!
	Fil 2:5-11 (Passie)	Julle moet dieselfde gesindheid hê as wat daar in Christus Jesus was
	Jes 50:4-9a	Gewillige onderwerping aan liggaamlike leed
	Ps 31:9-16	My tye is in u hand
	Mar 14:1–15:47	Die verhaal vanaf die beplanning van Jesus se dood tot met sy begrafnis

Gebedsversoeke vir die week:

Alwina Rautmann - knievervanging
Anna van Wyk - kanker
Neill Marais (Snr) - kanker
Sunadia Geldenhuys - kanker

Bydraes vir Maart 2021

Dankoffers:	R 40 079	(Mikpunt: R54 000)
Erediensoffers:	R 9 212	(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae.

SnapScan
Snap here to pay